

Breuke les 4

Graad 3




Breuke

Les 4

Kry vir jou 20 tellers voordat jy met die les begin.



'n Breuk of 'n deel van voorwerpe



- ❖ Jy gaan in hierdie les weer oefen hoe om 'n breuk van 'n groep voorwerpe uit te werk, bv. $\frac{1}{4}$ van 16.
- ❖ Jy gaan 'n prent teken van wat jy doen.
- ❖ Kyk eers na die voorbeelde en doen dan die somme op die laaste skyfie.

$$\frac{1}{2}$$

$$\frac{1}{4}$$

$$\frac{3}{4}$$

Die kinders het 16 sneeumanne gebou. Een Kwart ($\frac{1}{4}$) van die sneeumanne het gesmelt.
Hoeveel het gesmelt?




Doen die volgende:

1. Tel **16 tellers** uit – 16 sneeumanne
2. Jy wil 'n **$\frac{1}{4}$** van die 16 bereken.
Hoeveel groepies moet jy maak?
3. Dis reg, **4**. Maak nou jou groepies.
4. Kry jy **4 in elke groep**? Mooi so!
5. Wat het jy gedoen? $16 \div 4 = 4$
6. Dus: $\frac{1}{4}$ van 16 = 4
7. **4** sneeumanne het gesmelt.

So het Juffrou die som gedoen. Lyk jou groepies dieselfde?

- $\frac{1}{4}$ van 16
- Verdeel die sneeumanne in **4** groepe.



Hoeveel sneeumanne het gesmelt? **4 sneeumanne**

- Om $\frac{1}{4}$ van 16 te bereken, sê ek:

$$\frac{1}{4} \text{ van } 16 \rightarrow 16 \div 4 = 4$$


20 van die Gr. 3's stap met hulle sambrele in die wind en reën. Een vyfde ($\frac{1}{5}$) van die sambrele waai weg. Hoeveel waai weg?




Doen die volgende:

1. Tel **20 tellers** uit. Dit stel die sambrele voor.
2. Nou verdeel jy die tellers in groepies. Hoeveel groepies moet jy maak?
3. Dis reg! **5 groepies**, want dit is **vyfdes!**
4. Maak nou jou groepies.
5. Kry jy **4 in elke groep**? Sjoer, jy is slim!
6. **4 sambrele** het weggewaai.
7. Wat het jy gedoen? $20 \div 5 = 4$
8. Dus: $\frac{1}{5}$ van 20 = 4



$\frac{1}{5}$ van 20 \rightarrow $20 \div 5 = 4$



Kleur een derde ($\frac{1}{3}$) van die gesiggies geel in.



$\frac{1}{3}$ van 18



Doen die volgende:


1. Tel eers die gesiggies sodat jy weet hoeveel tellers jy nodig het.
2. In hoeveel groepe moet jy nou die **18 tellers** verdeel?
3. Mooi so! In **3 groepe**, want jy werk met derdes.
4. **Verdeel** nou jou tellers in 3 groepe.
5. Hoeveel is in elke groep? Fantasties – dis **6 tellers**!
6. Wat het jy gedoen? $18 \div 3 = 6$

Jy weet nou al: $\frac{1}{3}$ van 18 $\rightarrow 18 \div 3 = 6$




6 gesiggies is geel.



Kleur twee derdes ($\frac{2}{3}$) van die gesiggies geel in.




$\frac{2}{3}$ van 18



1. Hoe bereken ek $\frac{2}{3}$ van 18?
2. Jy weet om $\frac{1}{3}$ van 18 te bereken sê ek $18 \div 3 = 6$.
3. Om $\frac{2}{3}$ te bereken sê ek $18 \div 3 \rightarrow 6 \times 2 = 12$.

Deel met die onderste getal en maal met die boonste getal.

$\times \frac{2}{3}$ van 18



Doen nou die volgende somme. Onthou om te teken en die getalsin en antwoord te skryf. Kyk weer na die voorbeelde op die vorige skyfies.

1. Kleur $\frac{1}{2}$ van 12 driehoeke blou in.
2. Kleur $\frac{1}{4}$ van 20 sirkels groen in.
3. Kleur $\frac{2}{5}$ van 15 gesiggies rooi in.

SKryf 'n getalsin en bereken die antwoord:


Voorbeeld: $\frac{1}{4}$ van 8

$$\frac{1}{4} \text{ van } 8 \rightarrow 8 \div 4 = 2$$

1. $\frac{1}{2}$ van 16
2. $\frac{1}{3}$ van 21
3. $\frac{3}{10}$ van 30


Antwoorde: Kleur 'n breuk van die voorwerpe in.

1. $\frac{1}{2}$ van 12 driehoeke




$$\frac{1}{2} \text{ van } 12 \rightarrow 12 \div 2 = 6$$

2. $\frac{1}{4}$ van 20 sirkels



$$\frac{1}{4} \text{ van } 20 \rightarrow 20 \div 4 = 5$$

3. $\frac{2}{5}$ van 15
gesiggies



$$\frac{2}{5} \text{ van } 15 \rightarrow 15 \div 5 = 3 \times 2 = 6$$

Skryf 'n getalsin en bereken die antwoord:

1. $\frac{1}{2}$ van 16

$$\frac{1}{2} \text{ van } 16 \rightarrow 16 \div 2 = 8$$

2. $\frac{1}{3}$ van 21

$$\frac{1}{3} \text{ van } 21 \rightarrow 21 \div 3 = 7$$

3. $\frac{3}{10}$ van 30 $\rightarrow 30 \div 10 = 3 \times 3 = 9$